Govt. Gazette no. 8225

No. 1076 4 Junie 1982

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE FASADE VAN DIE STADHUIS GELEË IN CATHCARTWEG, QUEENSTOWN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die fasade van die Stadhuis, geleë Cathcartweg, Queenstown, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die fasade van die Stadhuis, geleë op 'n sekere stuk grond in Queenstown, in die afdeling Queenstown en beskryf as Perseel 75 (nou bekend as Erf 1198, Queenstown).

Akte van Toekenning 29/1857, van 12 Desember 1857.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie sandsteengebou is deur die argitek Sidney Stent ontwerp en deur die bouaannemers Male en Kirton opgerig. Die hoeksteen is op 24 Mei 1882 deur die eggenote van Burgemeester D. S. Barrable gelê. 10/2/905.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1076 4 June 1982

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE FAÇADE OF THE TOWN HALL, SITUATED IN CATHCART ROAD, QUEENSTOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the façade of the Town Hall, situated in Cathcart Road, Queenstown, to be a national monument.

*Description*

The façade of the Town Hall, situate on certain piece of land in Queenstown, in the Division of Queenstown and described as Lot 75 (now known as Erf 1198, Queenstown).

Deed of Grant, 29/1857, dated 12 December 1857.

*Historical and architectural interest*

This sandstone building was designed by the architect Sidney Stent and erected by the builders Male and Kirton. The cornerstone was laid on 24 May 1882 by the wife of Mayor D. S. Barrable. 10/2/905.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.